VOORSTEL VIR VISUELE KUNS: 2 – 9 April 2011

SLUITINGSDATUM: 31 JULIE 2010

ALGEMENE INLIGTING EN VOORWAARDES

Die Absa KKNK stel elke jaar 'n opwindende feesprogram in 'n verskeidenheid van kunsstyle saam. Deelname aan die fees geskied op uitnodiging, maar om 'n regverdige kans op deelname te verseker, word voorleggings ook oorweeg.

KEURING

'n Aantal uitstallings of projekte word na die Absa KKNK genooi. Voorkeur word verleen aan uitstallings of projekte wat by die Absa KKNK sal open. Voorleggings word deur 'n Kurator en 'n advieskomitee, die Kunstekabinet, oorweeg. Die uitslag van keuring word op 12 Okt. 2010 bekend gemaak. Die keurders behou die reg voor om projekte te inisieer en om leemtes aan te vul. Die beslissings van die keurders is finaal.

DEELNAME AAN ANDER FEESUITSTALLINGS

Indien 'n uitstalling gekeur word vir die fees mag die kunstenaar by geen ander uitstalling by die fees uitstal nie. Sou dit gebeur sal die werk van die feesuitstalling verwyder word en die kontrak tussen die fees en die kunstenaar as ongeldig verklaar word.

ONTVANGSERKENNING

Alle voorstelle ontvang 'n skriftelike ontvangserkenning teen 16 Aug. 2010. Die Absa KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid vir voorstelle wat in die pos wegraak nie.

LOKALE

Die Hoof Uitvoerende Beampte stel die finale keuse van uitstallokale vas in samewerking met die Kurator en Kunstekabinet. Waar nodig, word lokale deur die Absa KKNK ingerig deur 'n toegewysde persoon wat met die logistiek van uitstallings werk. Hou egter in gedagte dat dit tydelike uitstallokale van feesstandaard sal wees.

TOESIG BY UITSTALLINGS

Elke uitstalling word deur die kunstenaar of 'n kurator aangebied. Hierdie persoon, in samewerking met die Absa KKNK, hang die uitstalling en hou daarby toesig. Indien bykomende hulp in hierdie verband verlang word, moet dit op hierdie vorm so aangedui word.

INSKRYWINGSFOOI

'n Nie-terugbetaalbare inskrywingsfooi van R130 (BTW ingesluit) word per voorstel gehef. Dit word aangewend om die koste van beoordeling te delg. Daar is twee betaalopsies:

1. Heg 'n tjek, uitgemaak aan die KKNK by jou voltooide vorm aan.
2. Deponeer R130 in dié rekening en heg jou depositostrokie by jou voltooide vorm aan: Bank: Absa; Rekeningnaam: KKNK; Tipe: Tjek; Takkode: 632005; Rekeningnommer: 406 187 0951; Verwysing: Titel van Voorgestelde Uitstalling.

VERKOPE

Die Absa KKNK hef verkoopskommissie van 25% op alle werk wat tydens die fees verkoop word. Alle verkope word deur die personeel van die Absa KKNK hanteer.

VERSEKERING

Die Absa KKNK verseker die inhoud van uitstallings vir die duur van die uitstalling op Oudtshoorn, op voorwaarde dat 'n volledige lys van kunswerke, saamgestel volgens titel, beskrywing, afmetings, medium en waarde teen 31 Januarie 2011 aan die Absa KKNK verskaf is.

VERVOER VAN KUNSWERKE

Die Absa KKNK verskaf vervoer vanaf Johannesburg en Kaapstad/Stellenbosch. Indien jy elders woon, maak asb. vir hierdie item voorsiening op jou begroting.

VERBLYF

Dit is noodsaaklik dat die kurator van groepsuitstallings, sowel as individuele kunstenaars met solotentoonstellings, vir die volle duur van die fees op Oudtshoorn is. Verblyf kan deur die Feeskantoor bespreek word, maar moet deel vorm van die begroting wat saam met hierdie voorstel ingedien word.

BEFONDSING

Die Absa KKNK beskik ongelukkig nie oor fondse om opdragte vir nuwe werk uit te gee nie. Die Nasionale Kunsteraad oorweeg op gereelde basis aansoeke hiervoor en enige kunstenaar of instansie is welkom om daarvoor aansoek te doen by www.nac.org.za

BETALING

Indien jou uitstalling genooi word, sal 'n individuele onderhandeling volg om betalingsdetail vas te knoop, wat in 'n kontrak vervat sal word. Geen betaling sal gedoen word voordat die Absa KKNK nie 'n ondertekende kopie van jou kontrak het nie. Betaling geskied tussen 2 tot 4 weke na afloop van die fees.

VERPAKKING

Kurators en/of kunstenaars is self vir die verpakking van hul uitstallings voor en na die fees verantwoordelik.

VERANDERINGS

Enige veranderings op hierdie vorm moet skriftelik vir die aandag van die Programbestuurder, Kobus Burger, deurgegee word by faks 086 585 0863 of kburger@kknk.co.za asook aan die Kurator van die Visuele Kuns-program.

KANNA TOEKENNINGS

Alle binnenshuise optredes by die Absa KKNK word deur die Kannapaneel beoordeel en kom outomaties in aanmerking vir die Kanna Toekennings. Pryse (bestaande uit kontant en 'n beeldjie) word in verskillende kategorieë toegeken.

WERKSWINKEL

Ons hoor graag of jy daarin belangstel om by 'n werkswinkel betrokke te raak as deel van die Klein Karoo Kunste Akademie tydens die fees. Hierdie inisiatief is gemik op die oordrag van vaardighede op kunsgebied. Die sessies word meestal gratis aangebied en word meestal bygewoon deur tieners.

PUBLISITEIT

Elke uitstalling is vir sy eie publisiteit en bemarking verantwoordelik, wat ondersteun sal word met algemene bemarking en publisiteit deur die Absa KKNK. Die Absa KKNK aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir die verskaffing van enige bemarkingsmateriaal aan uitstallings nie.

FEESGIDS EN PROGRAMPAMFLET

As jou uitstalling gekeur word, moet jy in gedagte hou dat ons tydig 'n kort en 'n lang beskrywing en foto's gaan benodig vir onder meer die Programpamflet en Feesgids wat vanjaar reeds in Desember as pamflet beskikbaar gaan wees. Datums wat hier van toepassings is, is 29 Oktober 2010 vir die beskrywings én foto's (ten minste 300dpi).

BEMARKINGSREGTE

Dit kan gebeur dat uitstallings op die Absa KKNK onder die vaandel van 'n oorkoepelende borg aangebied word. Ondersteunende borge word toegelaat, maar besonderhede moet met die Bedryfsbestuurder uitgeklaar word om enige botsende belange te vermy.

SPERDATUMS

Die volgende sperdatums is van toepassing op keuring:

31 Jul. 2010	Sluitingsdatum vir indien van voorstelle
16 Aug. 2010	Ontvangserkennings uit
12 Okt. 2010	Uitslag van keuring bekend gemaak

© Absa KKNK

VOORSTEL VIR VISUELE KUNS: 2 – 9 April 2011

SLUITINGSDATUM: 31 Julie 2010

KONTAKBESONDERHEDE

1. Wat is die titel van die uitstalling / projek?

2. Wat is die besonderhede van jou Kontakpersoon?

(Jou kontakpersoon moet maklik bereikbaar en in staat wees om besluite te neem. Die Absa KKNK kommunikeer elektronies en daarom moet die kontakpersoon oor 'n e-pos adres of faksnommer beskik.)

Voornaam:		Van:	
Tel (be-dags):		Tel (saans):	
Faks:		Selfoon:	
E-pos:		Stad:	

BESONDERHEDE VAN UITSTALLING

1. Naam van kunstenaar/s wie se werk uitgestal word:

Naam en Van	Nasionaliteit

2. Wie is die Kurator van die uitstalling? Voornaam en Van:

Tel:

3. Hoeveel werke is in die uitstalling?

4. Is dit 'n groep, solo of korporatiewe uitstalling? Groep: Solo: Korporatief:

5. Beskryf die tipe werke in die uitstalling

6. Wie is die teikengroep van jou voorgestelde uitstalling?

(Kies net een opsie: gesin sluit jeug en kinders in, terwyl volwasse kinders uitsluit, maar jeug kan insluit na gelang van die voorgestelde ouderdomsperk.)

Gesin: Volwasse: Jeug: Kinders:

7. Feesgangers word ingelig oor die toeganklikheid van uitstallings vir kinders en sensitiewe kykers. In watter kategorie sal jy jou voorgestelde uitstalling plaas?

Geen o/10: Geen o/12: Geen o/14: Geen o/16: Geen o/18:

Indien nie geskik vir alle feesgangers, omskryf asb. die aard van die sensitiwiteit:

8. Is die werk in jou voorgestelde uitstalling al voorheen uitgestal?

Ja: (Gaan na vraag 8) Nee: (Gaan na vraag 11)

© Absa KKNK

9. Verskaf volledige besonderhede van vorige uitstallings:

Tydperk van uitstalling	Venue	Stad/Dorp	Aantal werke

10. Verskaf besonderhede van enige toekennings ontvang:

Datum	Instansie	Titel van toekenning

11. Mediavrystelling / Resensie

Heg 'n mediavrystelling of resensie van jou uitstalling aan.

12. Visuele Materiaal

Dis belangrik om soveel as moontlik visuele materiaal as deel van jou voorlegging in te dien.

13. Motivering

Heg 'n motivering oor hoekom jou voorgestelde uitstalling deur die Absa KKNK aanvaar moet word, by jou voorstel aan.

14. Is jou optrede bereid om 'n werkswinkel as deel van die Klein Karoo Kunste Akademie aan te bied?

Ja: ☐ Nee: ☐

15. Begroting

Handtekening

Hiermee aanvaar ek dat al my werke tydens Absa KKNK 2011 te koop sal wees, tensy anders gereël met die feeskantoor.

Heg 'n volledige begroting vir jou voorgestelde uitstalling by jou voorstel aan. Maak voorsiening vir alle moontlike uitgawes – ook reis, verblyf en vervoer van kunswerke. Gee soveel as moontlik detail in jou begroting. Stel jou begroting op om vir die volgende afdelings voorsiening te maak: administrasie, bemarking, reis, verblyf en etegeld. Ons gebruik hierdie begroting om aan ons 'n idee te gee van wat dit sal kos om jou uitstalling na die Absa KKNK te bring en vorm die basis van verdere onderhandelings, indien enige.

TEGNIESE OMVANG

1. Wat is die minimum uitstalspasie wat jou uitstalling benodig?

☐ m breed x ☐ m diep x ☐ m hoog

2. Watter van die volgende benodig jou voorgestelde uitstalling?

Item	Nee	Ja	Verdere instruksies
2.1 Klanktoerusting	☐	☐ ➔	Heg 'n kort uiteensetting van toerusting benodig aan
2.2 Beligting	☐	☐ ➔	Heg 'n kort uiteensetting van toerusting benodig aan

Alle addisionele toerusting moet deur die kunstenaar self voorsien word.

KONTROLELYS

Jou voorstel sal net oorweeg word indien jy 'n volledige voorstel, wat al die benodigde ondersteuningsmateriaal bevat, indien. Gebruik die lysie hieronder om seker te maak jou aansoek is volledig:

Het jy al die toepaslike vrae volledig voltooi?	☐	Het jy 'n mediavrystelling of resensie ingesluit?	☐
Het jy 'n volledige begroting ingesluit?	☐	Het jy 'n motivering ingesluit?	☐
Het jy 'n kopie van hierdie vorm vir jou rekords gemaak?	☐	Het jy 'n tjek vir R130 of betaalbewys daarvoor ingesluit?	☐
Het jy visuele materiaal ingesluit?	☐		

VERSENDING VAN AANSOEKVORM

Versend jou voltooide vorm en ondersteuningsmateriaal per koerier na: Absa KKNK, 3de Vloer, Seppie Greeff Gebou, Voortrekkerweg, Oudtshoorn, 6620; of pos dit aan: Posbus 1341, Oudtshoorn, 6620. Geen aansoeke per faks of e-pos word aanvaar nie. Rig enige navrae gedurende kantoorure aan: Kobus Burger by kburger@kknk.co.za